HOOFSTUK 3

KWALITATIEWE ONDERSOEK VAN EKSEMPLARIESE GEVALLESTUDIES

3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is aan die hand van 'n literatuurstudie gewys op kousale verbande tussen ouerlike opvoedingsgedrag en die akademiese prestasie van die adolessent. Ondersoek is ingestel na die wyses waarop die onderskeie ouerlike opvoedingsgedragspatrone prestasieverwante adolessent-veranderlikes (belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe) beïnvloed. Daar is ook gefokus op die wyses waarop hierdie prestasieverwante adolessent-veranderlikes op hulle beurt 'n invloed op die akademiese prestasie van die adolessent uitoefen.

Vervolgens word aan die hand van eksemplariese gevallestudies 'n kwalitatiewe toeligting gebied van die wyse waarop ouerlike opvoedingsgedrag die akademiese prestasie van die adolessent beïnvloed. Alvorens die eksemplariese gevallestudies voorgehou word, fokus die navorser kortliks op die kwalitatiewe metode as navorsingsmetode wat in hierdie studie figureer.

3.2 Die kwalitatiewe navorsingsmetode

Volgens Prinsloo et al. (1996:286) word die navorsingsmetode deur die aard van die navorsingsprobleem en die navorsingsdata bepaal.

Die kwalitatiewe navorsingsmetode word deur Van Rensburg et al. (1994:121) soos volg beskryf: "Die bestudering van individue onder natuurlike omstandighede ten einde vas te stel op welke wyse hulle betekenisse toeken in sosiale situasies. Teorie word nie geprojekteer op die gegewens nie maar spruit voort uit die versamelde gegewens. Kwalitatiewe navorsing is nie gebaseer op 'n stel vaste en rigiede prosedures nie, maar

nietemin het die navorser 'n stel strategieë en taktieke nodig ten einde te organiseer, te beheer en te evalueer".

Prinsloo et al. (1996:286-287) laat hulle soos volg uit oor die kwalitatiewe navorsingsmetode: "If the problem is such that the researcher decides to obtain descriptive data other than numerical data, the qualitative method will be applied. The qualitative method of research has a philosophical basis and it is not as explicitly verifiable, categorised and formalised as qualitative research".

Kwalitatiewe navorsing vertoon bepaalde kenmerke. Prinsloo et al. (1996:287) noem die volgende kenmerke wat by kwalitatiewe navorsing ter sprake is:

- Kwalitatiewe navorsing is **terrein spesifiek** – in die Opvoedkunde kan die kwalitatiewe navorser besluit om besoeke aan skole, klaskamers, onderwysers, leerlinge en selfs ouers en ander opvoeders te bring. Om tot 'n "volledige" of holistiese beskouing te kom, word 'n wye spektrum van data bestudeer.

- Kwalitatiewe navorsing is die perspektief van 'n **ingeligte persoon** op die probleem. Die navorser "betree" die situasie wat nagevors word en observeer, bespreek en interpreteer die situasie.

- Die kwalitatiewe navorser word 'n **"navorsingsinstrument"** en ontdek betekenisvolle gegewens in die situasie.

- Kwalitatiewe navorsing handel met **subjektiewe data**. Die kwalitatiewe navorser fokus op data wat in die psige van die individu bestaan, wat op verskeie wyses, verbaal en nie-verbaal, tot uiting kom. Die kwalitatiewe navorser poog om so objektief moontlik die gedagtes, ervaringe en betrokkenheid van respondente te ontdek. Daarom is die fenomenologiese metode so bruikbaar.

- Kwalitatiewe navorsing handel met **unieke besonderhede** wat in omstandighede so na as moontlik aan die **natuurlike gebeure** te voorskyn tree.

- Die kwalitatiewe navorser fokus op data wat **geldig** is en poog om 'n ware en "volledige" beeld te bied van dit wat nagevors word. Dit beteken egter nie dat betroubaarheid geïgnoreer word nie.

Verder verklaar Prinsloo et al. (1996:288) die volgende aangaande die aangeleentheid van kwalitatiewe navorsing:

> Kwalitatiewe navorsing geskied deur direkte waarneming, of deur bestudering van verslae oor persone of gebeure wat nagevors word. Soms word verslae wat geskryf is deur die persone wat nagevors word, ook geïnterpreteer. Gevolglik word verskeie tipes kwalitatiewe navorsing gevind:
>
> - **Beskrywende studies, opnamestudies** of **gevallestudies** is voorbeelde van direkte waarnemings. Soms word die term **beskrywende opnamestudie** gebruik wat aantoon dat die studie dit beskryf wat waargeneem is.
>
> - **Historisiteitstudies** is voorbeelde van verslae wat bestudeer word, gewoonlik primêre data, om verhoudinge en betekenisse te verstaan wat tydens die skryf van die verslag bestaan het. Byvoorbeeld, in opvoedkundige navorsing kan verslae oor leerlinge of dagboeke of opstelle wat deur leerlinge self geskryf is, uiters insiggewend wees om die tydelike gesitueerdheid van die leerlinge te begryp.
>
> Media wat tydens kwalitatiewe navorsing ingeskakel kan word, is die volgende: vraelyste, gestruktureerde en gedeeltelik gestruktureerde onderhoude, kontrolelyste en gespesialiseerde sowel as informele projeksiemedia, byvoorbeeld tekeninge, prente en selfs foto's (aldus Prinsloo et al. 1996:288).

In die onderhawige ondersoek word van **gevallestudies** gebruik gemaak wat dien as toeligting van die verband tussen ouerlike opvoedingsgedrag en die akademiese prestasie van die adolessent.

'n Gevallestudie word soos volg deur Van Rensburg et al. (1994:80) gedefinieer: "'n Gedetailleerde beskrywing van 'n persoon, gebeure, inrigting of gemeenskap met die oog op die aan die lig bring van nomotetiese kennis. Enige relatief gedetailleerde beskrywing en analise van 'n enkele persoon, gebeure, inrigting of gemeenskap".

Prinsloo et al. (1996:287) beskryf gevallestudies soos volg: "In case studies, a single person or unit, such as a family or gang, is usually studied in order to describe the actions and relationships of the person or unit".

3.3 Eksemplariese gevallestudies

Met toestemming van die Direkteur van die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding aan die Universiteit van Pretoria is drie eksemplariese gevalle geselekteer wat vervolgens ter toeligting beskryf word. Hierdie drie gevalle handel oor adolessente wat by die sentrum aangemeld is weens die feit dat hulle opmerklike akademiese onderprestasie toon.

Die ondersoeker wil hier duidelik aantoon dat die drie geselekteerde gevalle reeds deur opvoedkundige sielkundiges ondersoek is en dat oor elkeen 'n breedvoerige verslag deur hulle voltooi is. Die ondersoeker het die voltooide verslae aan die hand van die onderhawige konseptuele raamwerk geïnterpreteer. Dit moet beklemtoon word dat hierdie eksemplariese gevallestudies by die ondersoek ingesluit is, nie om die sentrale teoretiese stelling van die studie te verifieer nie (dit is deur middel van die teoretiese ondersoek gedoen), maar om as toeligtende voorbeelde te dien van die wyse waarop ouerlike opvoedingsgedrag as faktor naas ander faktore in die situasie van 'n adolessent prestasieverwante adolessent-veranderlikes op betekenisvolle wyse kan beïnvloed.

3.3.1 Leerder A

- **Identifiserende besonderhede**

Geboortedatum	:	1984-08-28
Ouderdom	:	16 Jaar 7 maande
Graad	:	Graad 11

- **Aanmeldingsprobleem**

A en sy moeder verlang hulp met beroepskeuse, maar dit is ook duidelik dat A nie volgens sy vermoëns presteer nie.
Die moeder verlang hulp vanweë:

- A se onderprestasie op skool, wat blyk uit die swak punte op sy rapport.
- Hy ondervind ook probleme wat aandagskonsentrasie en geheue betref (hy vergeet byvoorbeeld sy huiswerk en boeke).
- A volg geen roetine of sisteem ten opsigte van huiswerk nie.
- Depressie is al voorheen by hom gediagnoseer.
- A het in die verlede stokkiesgedraai en 'n eksamenvak nie geskryf nie.
- A presteer swak in wiskunde en dit is duidelik dat hy nie daarin belangstel nie.

- **Relevante agtergrond**

A is 'n enigste kind. Toe hy ses jaar oud was, het sy vader al sy besighede verloor. Hulle het dikwels verhuis, sodat A vier verskillende laerskole bygewoon het. Die ouers is geskei toe A elf jaar oud was. Daaropvolgens het A sy vader min gesien. Sy vader het selfmoord gepleeg en, volgens sy moeder, het A vermoed dat dit gaan gebeur. Sy moeder is weer getroud.

- **Ouerlike opvoedingsgedragspatroon**

Wat die moeder se opvoedingsgedrag betref, is sy oorbesorg en baie geheg aan A. Sy verwerk die feit, dat hy as adolessent besig is om te emansipeer, baie moeilik. Dit is dus vir haar swaar dat hy groot word. As gevolg van die verlies van die vader is sy geneig tot 'n te intieme band met haar kind en tree sy oorbesorgd en oorbeskermend op (besitneiging).

- **Media gebruik**

Die senior aanlegtoets (SAT) is ingeskakel; belangstellings- en persoonlikheidsvraelyste asook projeksie- en ekspressie-media is gebruik.

- **Observasiebeeld**

A is 'n vriendelike seun, dog effe terughoudend tydens die ondersoek. Hy het 'n positiewe gerigtheid tydens die inskakeling van die media vertoon en het goeie samewerking verleen. Sy werkspoed was bevredigend. Hy verstaan opdragte gou. Hy kontroleer nie sy werk as hy nog tyd oor het nie. Hy kommunikeer gemaklik.

- **Leerbeeld**

o Intelligensie (aanleg)

Senior aanlegtoets (SAT)
Aanleg kan beskou word as potensiële vermoëns of moontlikhede wat aangebore sowel as verwerf kan wees. Dit is dus die potensiaal waaroor 'n persoon beskik wat hom in staat stel om 'n bepaalde vlak van vermoë te kan bereik op grond van oefening, ervaring, onderwys en **opvoeding**.

Vanuit elke subtoets van die SAT blyk dit dat A se aanleg, weergegee in terme van 'n stanege (nege-punt skaal), soos volg daar uitsien.

Die eerste stanege-punt verteenwoordig A se potensiaal met tyd as faktor, en die volgende punt in hakkies sy potensiaal sonder tyd as faktor:

Subtoets	:	**Betekenis**	**Stanege**
Ruimtelik 2-D	:	Twee-dimensionele waarnemings-vermoë en vormpersepsie	7(8,2)
Ruimtelik 3-D	:	Drie-dimensionele waarnemings-vermoë	7(7)
Geheue (Simbole)	:	Korttermyn geheue en die vermoë om sinlose materiaal assosiatief te memoriseer	6(7)
Patroonvoltooiing	:	Induktiewe redeneringsvermoë	6(6)
Figuurreekse	:	Deduktiewe redeneringsvermoë	6(7,5)
Vergelyking	:	Visuele perseptuele spoed en die akkuraatheid van waarneming van verskille en ooreenkomste	6(6)
Woordvlotheid	:	Woordassosiasie en verbale redenering	5(5,5)
Geheue (Paragrawe)	:	Langtermyngeheue en die vermoë om sinvolle materiaal te memoriseer	4(4)
Berekeninge	:	Vermoë om vinnig en akkuraat met syfers te werk	3(4,2)
Verbale begrip	:	Begrip, kennis van woorde en hul Betekenisse	2(2)

Vanuit die resultate van die SAT kan 'n geskatte IK afgelei word. Dit blyk hieruit dat A oor 'n hooggemiddelde intelligensievermoë beskik en dat hy beslis nie volgens sy intellektuele vermoëns presteer nie.

- Skolastiese beeld

  A se resultate op sy rapport sien soos volg daar uit:

Vak	HG/SG	Simbool
Afrikaans	HG	F
Engels	HG	D
Wiskunde	SG	D
Natuur- en Skeikunde	HG	F
Aardrykskunde	HG	D
Tik	SG	D

Bogenoemde prestasies dui op 'n onderaktualisering van A se potensiaal.

- **Verklaring**

A se moeder verwerklik 'n betrokke opvoedingsgedragspatroon wat deur warmte én dominansie gekenmerk word. Daar heers 'n goeie verhouding tussen A en sy moeder. Sy stel belang in hom, gee om vir hom en skenk die nodige aandag aan sy behoeftes en begeertes. By hierdie opvoeding bestaan egter die gevaar van oormatige betrokkenheid en besorgdheid, waar A te veel gehelp, behoed en ondersteun word. Hierdie opvoedingsgedrag van die moeder ontaard dus in oorbeskerming, opdringerigheid en bemoeisug ten opsigte van A. Haar opvoedingstyl spruit ook uit 'n oormatige vrees dat A iets sal oorkom en kom telkens neer op pogings om hom teen gevaar te beskerm.

A word in sy ontwikkeling heeltemal onderskat. Die feit dat sy moeder hom te lank wil 'besit', beteken dat sy ontoereikend rekening hou met sy strewe om te ontwikkel en te emansipeer. Hy word dus in sy ontwikkeling gerem en ontwrig.

Hierdie beperkende opvoedingsgedrag van die moeder kan nie anders nie as om 'n negatiewe invloed op A se prestasieverwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe uit te oefen. Dit geld ook A se selfaktualisering ten opsigte van akademiese prestasie.

Volgens projeksie- en ekspressie-media blyk dit dat A die volgende gevoelens **belewe**: onsekerheid, spanning, kwesbaarheid, huiwering en ontoereikendheid. Omdat sy moeder alles vir hom doen, kom hy sorgvry voor, maar beleef telkens frustrasie en gooi dan maklik tou op. Hy is ook 'n depressie-lyer.

A se moeder, wat haar skuldig maak aan oorbeskerming, ontneem hom van die nodige waagmoed om te eksploreer, te ondersoek en nuwe moontlikhede en geleenthede te ontdek. In die skoolsituasie inhibeer dit hom in sy soeke na oplossings vir probleme en by selfstandige besluitneming. Gemotiveerdheid om sy potensiaal optimaal te benut, ontbreek ook, omdat A belewe dat sy moeder hom nie genoegsaam vertrou om selfstandig te funksioneer nie, soos blyk uit die feit dat A nie alle opdragte uitvoer of voltooi nie. Onder sulke omstandighede word A dus nie tot optimale akademiese prestasie gepredisponeer nie.

Wat A se gedraginge betref, kom hy sosiaal aangenaam voor - hy is byvoorbeeld spraaksaam en opgeruimd. Wat **prestasieverwante gedraginge** betref, kom hy ongemotiveerd voor en stel hy nie werklik in sy skoolwerk belang nie. Hy toon nie-probleemoplossende, nie-eksplorerende, nie-kreatiewe, nie pligsgetroue, nalatige en senuagtige gedrag. Hierdie gedraginge werk prestasiebelemmerend, want sonder inisiatief en met 'n afhanklike ingesteldheid kan A nie sy potensiaal

optimaal benut nie.

Die betrokke opvoeding is ook nie bevorderlik vir die ontwikkeling van A se **prestasieverwante persoonlikheidseienskappe** nie. Hy word belemmer in sy psigiese ontwikkeling en veral in sy verwerwing van selfstandigheid. A se aandag word maklik deur inherente moeilikhede van sy werk afgelei en is daar dus sprake van 'n gebrek aan deursettingsvermoë. Hy gooi maklik tou op, wat weer toon dat hy min selfvertroue het en 'n aanduiding is van 'n lae selfkonsep. Uit die ondersoek het dit ook geblyk dat daar duidinge is van moontlike senuagtigheid wat gepaard kan gaan met impulsiwiteit. Dit blyk ook dat A in 'n groot mate deur sy emosies beïnvloed kan word, wat beteken dat hy emosioneel kan raak wanneer hy frustrasie beleef.

Dit blyk verder dat daar 'n goeie verhouding tussen A en sy moeder bestaan, en dat A tot 'n sosiaal goed aangepaste ekstrovert ontwikkel het.

Ten slotte kan aangevoer word dat die betrokke opvoedingsgedrag van A se moeder, as fasiliterende faktor, A se prestasieverwante adolessent-veranderlikes op 'n negatiewe wyse beïnvloed, sodat verklaar kan word dat A tot swak akademiese prestasie gepredisponeer word.

Samevattend word 'n skematiese voorstelling gebied van die moeder se opvoedingsgedragspatroon asook daaruit voortvloeiende prestasie-verwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van Leerder A (kyk Figuur 3.1).

Figuur 3.1

Leerder A: Skematiese voorstelling van die ouerlike opvoedingsgedragspatroon en daaruit voortvloeiende prestasieverwante adolessent-veranderlikes.

BETROKKE OPVOEDING

- warmte/dominansie
- oorbetrokke
- oorbeskerming
- beskikbaar
- belangstellend
- oorbesorg
- oormatig-intieme binding
- opdringerig
- bemoeisug

↓

PRESTASIEVERWANTE ADOLESSENT-VERANDERLIKES

Prestasieverwante belewinge	Prestasieverwante gedraginge	Prestasieverwante Persoonlikheidseienskappe
onsekerheid	sosiaal aangenaam	sosiaal
spanning	spraaksaam	ekstrovert
kwesbaarheid	opgeruimd	emosioneel
huiwering	nie-probleemoplossend	impulsief
ontoereikendheid	nie-eksplorerend	lae selfkonsep
frustrasie	nie-kreatief	min selfvertroue
depressie	nie pligsgetrou	gebrekkige deursettingsvermoë
gebrekkige belangstelling	nalatig	nie-selfstandig
sorgvry	senuagtig	
	gebrekkige motivering	
	stokkiesdraai	
	onderpresteer	
	gooi maklik tou op	
	gebrekkige aandags-konsentrasie	

↓

ONDERAKTUALISERING MET BETREKKING TOT AKADEMIESE PRESTASIE

3.3.2 Leerder B

- **Identifiserende besonderhede**

Geboortedatum	:	1983-08-31
Ouderdom	:	17 jaar 9 maande
Graad	:	Graad 12

- **Aanmeldingsprobleem**

B en sy ouers verlang hulp en raad met B se beroepskeuse, maar dit is ook duidelik dat B nie volgens sy vermoëns presteer nie.

Die ouers verlang hulp vanweë:

- B blyk nie gemotiveer te wees met betrekking tot sy skoolwerk nie.
- B het wiskunde aan die einde van graad 11 gedruip sodat hy verplig is om dit op Standaard Graad te neem.

- **Relevante agtergrond**

B is die middelste van drie kinders. Sy ouer suster studeer aan 'n universiteit en die jonger broer is in Graad 8. B se vader is 'n elektriese ontwerper en sy moeder 'n huisvrou. Hy het nie baie maats nie, maar wel 'n meisie by wie hy baie tyd spandeer.

- **Ouerlike opvoedingsgedragspatroon**

B se vader is baie streng, rigied, militaristies, voorskriftelik en beperkend. Hy hou streng reëls voor wat nie altyd deur B nagekom word nie. Alhoewel B se verhouding met sy moeder goed is, is sy verhouding met

sy vader baie swak. Hulle kommunikeer uiters ontoereikend en bots ook baie. Wanneer B neigings tot rebelsheid toon, word sy vader baie kwaad. Dit lyk asof die moeder nie veel inmeng by die vader se dominante opvoedingsgedrag nie en die gesagsoefening meer aan die vader oorlaat. Dit blyk dat sy wat die warmte-dimensie betref, meer simpatiek teenoor B staan – vandaar die goeie verhouding tussen moeder en seun.

Invloed van vader se opvoedingsgedrag op B:

- Dit blyk dat B geneig is om swygsaam te wees in sy vader se teenwoordigheid en nie die vrymoedigheid het om iets met sy vader te bespreek nie, wat weereens dui op die gebrekkige kommunikasie tussen vader en seun.
- B vermy so veel as moontlik kontak met sy vader.
- B is opstandig en doen doelbewus verkeerde dinge.
- Hy vra nooit enige hulp van sy ouers nie.
- Hy is egter nog steeds lief vir sy vader.

- **Media gebruik**

Die senior aanlegtoets (SAT) is ingeskakel; die selfondersoek-vraelys (SOV), die 19 veld belangstellingsvraelys (19-VBV), die Jung-persoonlikheidsvraelys (JPV) en onvoltooide sinne is gebruik.

- **Observasiebeeld**

B is 'n aangename, goedgemanierde seun wat deurgaans goed saamwerk. Hy is vriendelik, alhoewel stil en gereserveerd, stig gemaklik verhouding en kommunikeer met selfvertroue. Hy toon 'n positiewe intensionele gerigtheid op opgelegde take en volg 'n doelgerigte werkswyse.

Gedurende die ondersoek het B spontaan voorgekom. Hy het vol selfvertroue met die ondersoeker gekommunikeer.

Tydens die terugvoergesprek was sy ouers teenwoordig en was hy doodstil. Selfs wanneer vrae aan hom gestel is, het hy nie 'n woord gesê nie. Sy vader doen al die praatwerk. Die nie-verbale kommunikasie vanaf seun na vader was opvallend afsydig en opstandig.

- **Leerbeeld**

  - Intelligensiebeeld

    Intelligensie kan omskryf word as die oorkoepelende vermoë van 'n individu om doelgerig op te tree, rasioneel te dink en doelmatig met die omgewing om te gaan.

    Volgens die resultate van die Senior Aanlegtoets (SAT) blyk dit dat B oor 'n superieure intellektuele vermoë beskik en presteer hy beslis nie volgens sy intellektuele vermoëns nie.

  - Aanlegbeeld

    Aanleg word beskou as spesifieke potensiële vermoëns of moontlikhede, wat aangebore sowel as verwerf kan wees. Dit is die potensiaal waaroor 'n persoon beskik, wat hom in staat stel om 'n bepaalde vlak van vermoë te kan bereik op grond van oefening, ervaring, onderwys en opvoeding.

    Uit die resultate van die SAT blyk dit dat B, op 'n skaal van een tot nege, 'n bogemiddelde aanleg toon in die Natuurwetenskappe (7,3) en Geesteswetenskappe (6,8) en 'n gemiddelde aanleg in die Handelswetenskappe (5,5).

B se prestasie is egter op enkele subtoetse nadelig beïnvloed deur 'n stadige werkstempo, wat moontlik toegeskryf kan word aan faktore soos sy perfeksionisme, onsekerheid en angstigheid.

- Skolastiese beeld

  B se mees onlangse punte sien soos volg daar uit:

Vak	HG/SG	Simbool
Afrikaans	HG	C
Engels	HG	C
Wiskunde	SG	C
Natuur- en Skeikunde	HG	D
Biologie	HG	E
Rekenaarstudie	SG	C

Op grond van bogenoemde simbole behaal B 'n voorlopige M-telling van 13, soos bereken volgens die metode van die Universiteit van Pretoria. Met sy huidige vak- en vlakkombinasie het B egter nie matrikulasievrystelling nie.

Alhoewel B tans redelik presteer op skool, blyk dit tog in die lig van sy potensiële vermoëns dat hy in 'n mate onderpresteer.

<u>Moontlike redes vir B se onderprestasie:</u>

- 'n Lae selfkonsep.
- 'n Gebrek aan vertroue in sy eie vermoëns.
- Negatiewe belewing van skoolwerk.
- Opstandigheid as gevolg van sy verhouding met sy vader, met die gepaardgaande emosionele labilisering.
- Gebrekkige studiemetode.

- **Persoonlikheidsbeeld**

Persoonlikheid dui op daardie karaktertrekke van 'n persoon wat sy kenmerkende gedrag en denke bepaal en waarvolgens voorspel kan word hoe die persoon in kontak is met sy omgewing en in 'n situasie sal optree.

Die Jung-Persoonlikheidsvraelys (JPV) is ingeskakel om 'n oorsigtelike beeld van B se persoonlikheidsamestelling te verkry.

Volgens die resultate is B persoonstipe IND. Persone in hierdie kategorie is stil, gereserveerd en introverties. Hulle is gewoonlik begaafd, oorspronklik, vindingryk en individualisties. Hulle is geduldig, konsensieus, weetgierig en hardwerkend en stilweg geïnteresseerd in probleme wat hulle goed kan hanteer, mits hulle nie met meer as een of twee persone gelyktydig te doen het nie. Hulle het dikwels baie dryfkrag, is gewoonlik vasberade wanneer hulle iets wil bereik en is soms krities.

Verder blyk die volgende ten opsigte van B:

- Hy is individualisties, perfeksionisties, sensitief en emosioneel.

- Sy verhoudinge met sy onderwysers is goed.

- Hy kan met mense werk, maar funksioneer nie goed in groepe nie

- Hy beskou homself as kreatief, skeppend en handvaardig.

- Uit die onvoltooide sinne blyk dit dat hy baie onseker is.

- **Verklaring**

B se vader verwerklik 'n dominante opvoedingsgedragspatroon waar hy 'n sentrale plek in die gesin inneem. Die moeder is geheel op die huishouding gerig terwyl die vader die hoof van die gesin is en streng dissipline handhaaf. B se verhouding met sy moeder is goed, maar sy vader hou streng reëls voor, is rigied, militaristies, voorskriftelik en beperkend. Hierdie opvoedingsgedragspatroon word verder gekenmerk deur onbuigsaamheid, opdringerigheid, bemoeisug, kontrole en oorheersing (B se vader neig om besluite vir hom te neem, byvoorbeeld met betrekking tot beroepskeuse). Min toereikende kommunikasie kom voor tussen B en sy vader.

Die dominante opvoeding is 'n remmende opvoeding en hierdie gedrag van die vader oefen 'n negatiewe invloed uit op B se belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe en uiteindelik op sy akademiese prestasie.

Sonder om veel vryheid vir selfontplooiing te ontvang, word B in 'n bepaalde rigting gedwing. Hy word oormatig beperk en volgens projeksie- en ekspressie-media blyk dit dat B gevoelens van angs, spanning, onsekerheid, ontoereikendheid en minderwaardigheid **belewe** omdat die vader nie die nodige vertroue in hom stel om selfstandig die wêreld te betree nie.

Alhoewel B goed oor die weg kom met sy onderwysers, belemmer die dominante opvoedingsgedrag van sy vader sy hele wese sodat hy 'n negatiewe belewing van skoolwerk ervaar en dus tot akademiese onderprestasie gepredisponeer word.

Wat B se **gedraginge** betref, het hy gedurende die ondersoek spontaan en vriendelik voorgekom en vol selfvertroue aan die gesprek deelgeneem. Maar tydens terugvoering, in die teenwoordigheid van sy vader, was hy swygsaam en opmerklik afsydig en opstandig in sy nie-

verbale kommunikasie. B verset hom dus teen sy vader se dominante opvoedingsgedrag en neig om soms rebels voor te kom. Die dominante opvoeding predisponeer hom verder tot aanmatigende, emosioneel-veeleisende, passiewe en willose gedrag wat nie bevorderlik is vir sy optimale akademiese prestasie nie. Verder blyk dit dat B se emansipasie-strewe deur die vader se dominante opvoedingstyl gedwarsboom word.

Wat B se **persoonlikheidsontwikkeling** betref, ontwikkel hy prestasie-verwante persoonlikheidseienskappe soos geneigdheid tot onttrekking, terugtrekking, perfeksionisme, sensitiwiteit, emosionele labiliteit, 'n lae self-konsep en 'n gebrek aan selfvertroue wat 'n remmende uitwerking op sy akademiese prestasie het.

Ten slotte kan aangevoer word dat die dominante opvoedingsgedrag van B se vader, as fasiliterende faktor, B se prestasieverwante adolessent-veranderlikes op 'n negatiewe wyse beïnvloed, sodat verklaar kan word dat B tot onderprestasie op akademiese gebied gepredisponeer word.

Samevattend word 'n skematiese voorstelling gebied van die vader se opvoedingsgedragspatroon asook daaruit voortvloeiende prestasie-verwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van Leerder B (kyk Figuur 3.2).

Figuur 3.2

Leerder B: Skematiese voorstelling van die ouerlike opvoedingsgedragspatroon en daaruit voortvloeiende prestasieverwante adolessent-veranderlikes.

DOMINANTE OPVOEDING

- streng
- rigied
- militaristies
- voorskriftelik
- beperkend
- swak verhouding
- ontoereikende kommunikasie
- onbuigsaam
- bemoeisug
- kontrole
- oorheersing

↓

PRESTASIEVERWANTE ADOLESSENT-VERANDERLIKES

Prestasieverwante belewinge	Prestasieverwante gedraginge	Prestasieverwante Persoonlikheidseienskappe
▸▸ angs	▸▸ swygsaam	▸▸ individualisties
▸▸ spanning	▸▸ afsydig	▸▸ perfeksionisties
▸▸ onsekerheid	▸▸ opstandig	▸▸ sensitief
▸▸ ontoereikendheid	▸▸ aanmatigend	▸▸ emosioneel labiel
▸▸ minderwaardigheid	▸▸ emosioneel-veeleisend	▸▸ lae selfkonsep
▸▸ negatiwiteit	▸▸ passief	▸▸ introvert
	▸▸ willoos	
	▸▸ onttrekking	
	▸▸ terugtrekking	

↓

ONDERAKTUALISERING MET BETREKKING TOT AKADEMIESE PRESTASIE

3.3.3 Leerder C

- **Identifiserende besonderhede**

Geboortedatum	:	1984-12-18
Ouderdom	:	16 jaar 4 maande
Graad	:	Graad 11

- **Aanmeldingsprobleem**

C se punte het sedert die begin van Graad 11 'n afname getoon en volgens sy moeder openbaar hy 'n negatiewe ingesteldheid teenoor sy akademiese verpligtinge (skoolwerk) en draai hy soms stokkies. 'n Evaluasie is in hierdie verband aangevra.

- **Relevante agtergrond**

C is die jongste van twee kinders. Hy het 'n ouer broer wat, soos die moeder dit stel, enige onderwyser se droom is. Dus beweeg C by die skool in die skaduwee van sy broer. C se vader is liggaamlik gestrem en beweeg baie moeilik en dit wil voorkom asof die moeder hoofsaaklik die verantwoordelikheid vir die opvoeding van die seuns op haar neem.

C het vroeër reeds konsentrasie- en leerprobleme ondervind en het spraak- en arbeidsterapie ontvang.

C haat die skool en toon geen belangstelling in die akademie nie. Hy erken dat hy nie weet hoe om te studeer nie. Hy neem egter deel aan skaak en rugby, wat hy baie geniet.

C geniet baie vryheid en gaan gereeld saam met sy vriende uit.

- **Ouerlike opvoedingsgedragspatroon**

Uit die historisiteitsgesprek blyk dit dat daar min kommunikasie tussen die vader en moeder plaasvind wat C se opvoeding betref, aangesien die moeder nie weet hoe die verhouding tussen C en sy vader is nie. As gevolg van die vader se gestremdheid kan hy nie soos 'n normale pa dinge met sy seuns doen nie. Die moeder tree oorbesorgd, opdringerig en bemoeisugtig teenoor C op (betrokke opvoeding). Wanneer hy saam met vriende uitgaan, sal sy byvoorbeeld 'n paar keer bel om te hoor wat hulle doen en hom herinner aan die tyd wat hy by die huis moet wees. Die moeder handhaaf dissipline deur sekere voorregte van C te ontneem.

- **Media gebruik**

  - Hersiene Senior Suid-Afrikaanse Intelligensieskaal (SSAIS-R)
  - Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV)
  - Emotions Profile Index (EPI)
  - Grafiese media
  - Onvoltooide sinne (UP)

- **Observasiebeeld**

C is 'n netjiese adolessent wat spontaan en openlik met die ondersoeker gekommunikeer het. Hy het 'n positiewe intensionele gerigtheid op opgelegde take geopenbaar en deurgaans sy samewerking gebied. C volg 'n doelgerigte, vinnige werkswyse en blyk toereikend aandag te gee.

- **Leerbeeld**

Volgens resultate van die SSAIS-R beskik C oor bo-gemiddelde intellektuele vermoëns. Hy behaal 'n superieure intelligensietelling op die verbale skaal en 'n bo-gemiddelde intelligensietelling op die nie-verbale skaal. C se prestasie op die verbale skaal gee 'n aanduiding van sy vermoë om leertake en handelinge uit te voer waar taal en verbale redeneervermoë vereis word, terwyl sy prestasie op die nie-verbale skaal aanduidend is van sy vermoë om leertake en handelinge uit te voer waar visueel-perseptuele en visueel-motoriese vaardighede ter sprake kom.

  - Skolastiese beeld

C se resultate op sy rapport sien soos volg daar uit:

Vak	**HG/SG**	**Simbool**
Afrikaans	HG	D
Engels	HG	C
Wiskunde	HG	H
Natuur- en Skeikunde	SG	D
Ekonomie	HG	E
Rekeningkunde	HG	FF

Bogenoemde prestasies dui op 'n onderaktualisering van C se potensiaal.

- **Persoonlikheidsbeeld**

Volgens resultate van die HSPV en EPI blyk C selfgeldend en selfversekerd te wees. Hy is hartlik, vriendelik, openhartig en ekspressief. Hy hou daarvan om nuwe dinge te probeer, is onbekommerd en sien soms nie gevaartekens raak nie. Hy ontmoet

graag mense en toon 'n toegeeflikheid teenoor homself en ander. Hy hou van aandag en geniet groepsaktiwiteite, maar neig om wat norme en styl betref, die groep te weerkaats en groepafhanklik te wees.

C blyk afhanklik en oorbeskermd te wees. Hy toon egter ook tekens van opstandigheid en openbaar 'n behoefte aan meer onafhanklikheid. C blyk ongeorganiseerd te wees in sy denke en gedrag. Hy neig om verantwoordelikhede te ontwyk en kom gevolglik traag, lui, onbetroubaar, passief en inisiatiefloos voor.

Dit blyk uit die interpretasie van die media dat C deur 'n mate van gefrustreerdheid beïnvloed word (ook in die geval van C is dit duidelik dat sy emansipasie-strewe deur die oorbetrokke opvoedingsgedrag van die moeder gedwarsboom word).

Sy lae selfkonsep kan aan sy onderprestasie op skool sowel as die oorbetrokke, oormatig-kontrolerende opvoedingsgedrag van die moeder toegeskryf word. Verder neig hy om maklik tou op te gooi.

- **Verklaring**

Ongelukkig blyk dit dat C se vader, weens sy liggaamlike gestremdheid, nie 'n betekenisvolle opvoedingsinvloed op C uitoefen nie. Die vader blyk onverskillig te wees wat C se opvoeding betref, maar eerder in terme van 'n passiwiteit en toegeeflikheid as in terme van distansie en liefdeloosheid.

In teenstelling met die vader voel die moeder verantwoordelik vir die opvoeding van C en verwerklik sy 'n betrokke opvoedingsgedragspatroon wat gekenmerk word deur oorbesorgdheid, opdringerigheid, bemoeisug en oormatige kontrole wat gepaard gaan met 'n mooi mate van warmte en liefde. Hierdie optrede van die moeder inhibeer C se strewe om te ontwikkel en te emansipeer. Die moeder ontneem haar kind die

geleentheid tot selfstandigwording. Die nadelige gevolge van hierdie opvoedingsgedragspatroon blyk uit die ongunstige invloed wat dit op die belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van C uitoefen, en wat ook in sy akademiese prestasie reflekteer.

C **belewe** konsentrasie- en leerprobleme wat aanleiding gee tot 'n negatiewe ingesteldheid teenoor sy akademiese verpligtinge en toon hy dus geen belangstelling in sy skoolwerk nie. Hierdie vasgelopenheid in sy skoolwerk predisponeer hom tot gevoelens van onsekerheid, vrees, angs en spanning.

Verder beweeg hy in die skadu van sy broer en belewe hy dus minderwaardigheidsgevoelens. Hy toon 'n behoefte aan meer onafhanklikheid wat hom laat met gevoelens van frustrasie.

Wanneer gefokus word op die invloed wat ouerlike opvoedingsgedrag op prestasieverwante **gedraginge** van C het, blyk die volgende voorop te staan: C is hartlik, vriendelik, openhartig en ekspressief. Hy is egter ongeorganiseerd in sy denke en gedrag en toon tekens van opstandigheid. Hy ontwyk verantwoordelikhede en kom traag, lui , onbetroubaar, passief en inisiatiefloos voor. As gevolg van sy vasgelopenheid in sy skoolwerk is hy geneig om stokkies te draai.

Die betrokke opvoeding is ook nie bevorderlik vir die ontwikkeling van C se **prestasieverwante persoonlikheidseienskappe** nie. Hy is sosiaal, maar gooi maklik tou op, wat toon dat hy min selfvertroue het om sy leerwêreld en nuwe inhoude selfstandig te ondersoek en te bevraagteken. Hy is ook afhanklik van ander se hulp om nuwe moontlikhede te ontdek. Alhoewel sy persoonlikheidsbeeld dui op 'n ekstrovertiese persoonlikheid, kan op grond van sy onderprestasie op skool en die opvoedingsgedrag van sy moeder afgelei word dat hy oor 'n lae selfkonsep beskik.

Ten slotte kan aangevoer word dat die betrokke opvoedingsgedrag van C se moeder, as fasiliterende faktor, C se prestasieverwante adolessent-veranderlikes op 'n negatiewe wyse beïnvloed, sodat verklaar kan word dat C tot swak akademiese prestasie gepredisponeer word.

Samevattend word 'n skematiese voorstelling gebied van die moeder se opvoedingsgedragspatroon asook daaruit voortvloeiende prestasie-verwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van Leerder C (kyk Figuur 3.3).

Figuur 3.3

Leerder C: Skematiese voorstelling van die ouerlike opvoedingsgedragspatroon en daaruit voortvloeiende prestasieverwante adolessent-veranderlikes.

BETROKKE OPVOEDING

- warmte
- liefde
- oorbesorg
- opdringerig
- bemoeisug
- oormatige kontrole

↓

PRESTASIEVERWANTE ADOLESSENT-VERANDERLIKES

Prestasieverwante belewinge	Prestasieverwante gedraginge	Prestasieverwante Persoonlikheidseienskappe
konsentrasie-probleme	sosiaal aangenaam	sosiaal
leerprobleme	hartlik	ekstrovert
onsekerheid	vriendelik	lae selfkonsep
vrees	openhartig	min selfvertroue
angs	ekspressief	afhanklik
spanning	ongeorganiseerd	nie-selfstandig
minderwaardigheid	traag	
frustrasie	lui	
gebrekkige belangstelling	onbetroubaar	
sorgvry	passief	
	inisiatiefloos	
	onderpresteer	
	gooi maklik tou op	
	stokkiesdraai	
	opstandig	

↓

ONDERAKTUALISERING MET BETREKKING TOT AKADEMIESE PRESTASIE

3.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aan die hand van enkele eksemplariese gevallestudies 'n kwalitatiewe toeligting gebied van die wyses waarop ouerlike opvoedings-gedragspatrone die akademiese prestasie van die adolessent beïnvloed.

Drie ongunstige opvoedingsgedragspatrone kom na vore uit die gevallestudies wat voorgehou is, naamlik twee uiteenlopende betrokke opvoedingstyle en een dominante opvoedingstyl. Dit blyk dat hierdie opvoedingsgedragspatrone 'n negatiewe invloed uitoefen op prestasieverwante adolessent-veranderlikes.

Die wyse waarop die adolessent hierdie opvoedingstyle belewe, predisponeer hom tot ontoereikende selfaktualisering met betrekking tot sy akademiese prestasie, byvoorbeeld die belewing van onsekerheid, minderwaardigheid, frustrasie, angs en spanning.

Prestasiebelemmerende gedraginge wat uit hierdie opvoedingstyle voortvloei, is nie-pligsgetrouheid, nie-eksplorerend, nie-kreatiwiteit, gebrekkige motivering, onderprestasie, opstandigheid en stokkiesdraai.

Dit blyk verder dat hierdie minder gunstige opvoedingsgedragspatrone prestasiebelemmerende persoonlikheidseienskappe as uitkoms het, byvoorbeeld 'n lae selfkonsep, emosionele labiliteit, min selfvertroue, gebrekkige deursettingsvermoë en afhanklikheid.

Die enkele eksemplariese gevallestudies blyk 'n raak toeligting te wees met betrekking tot kousale verbande tussen ongunstige ouerlike opvoedings-gedragspatrone en die onderprestasie van die adolessent. Die ondersoeker het probeer aantoon hoedat 'n ongunstige opvoedingstyl as faktor in die opvoedingsituasie van die adolessent hom/haar tot akademiese onderprestasie predisponeer. Dit bevestig die bevindinge van die teoretiese ondersoek te wete dat daar kousale verbande bestaan tussen die opvoedingstyl wat die ouer verwerklik en prestasieverwante adolessent-veranderlikes.

HOOFSTUK 4

BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN RIGLYNE

4.1 Bevindinge

In die onderhawige studie is ondersoek ingestel na kousale verbande tussen die opvoeding wat adolessente ontvang en die invloed daarvan op hul akademiese prestasie. Die doel van die studie was tweeledig van aard, naamlik:

- om ondersoek in te stel na die wyse waarop die onderskeie opvoedingsgedragspatrone van die ouers die prestasieverwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolessent beïnvloed

- om ondersoek in te stel na die wyse waarop hierdie prestasieverwante adolessent-veranderlikes op hulle beurt 'n invloed op die akademiese prestasie van die adolessent uitoefen.

Ten einde hierdie doel te bereik, is 'n teoretiese ondersoek met toeligtende empiriese navorsing onderneem.

Die teoretiese ondersoek het by die ontleding en deurskouing van elk van die basisvorme van die opvoeding die volgende aan die lig gebring:

- Die volgende opvoedingsgedragspatroon is kenmerkend van die **warm opvoeding**: aanvaardend, liefhebbend, ondersteunend, koesterend, goeie kommunikasie, ensovoorts. Hierdie opvoedingsgedragspatroon gee aanleiding tot **gunstige prestasieverwante belewinge** (veiligheid, aanvaarding, positiewe selfbewustheid, positiewe gesindheid,

ensovoorts), **gunstige prestasieverwante gedraginge** (self-aktualiserend, eksplorerend, waagmoedig, gedissiplineerd, saam-werkend, ensovoorts) en die ontwikkeling van **gunstige prestasie-verwante persoonlikheidseienskappe** (positiewe selfkonsep, emosioneel stabiel, selfaanvaardend, ondernemend, prestasie-georiënteerd). Gemelde gunstige prestasieverwante adolessent-veranderlikes predisponeer die adolessent tot **optimale selfaktualisering met betrekking tot akademiese prestasie.**

- Die volgende opvoedingsgedragspatroon is kenmerkend van die **koue opvoeding**: koud, vyandig, verwerpend, min kommunikasie, verkleinerend, ensovoorts. Hierdie opvoedingsgedragspatroon gee aanleiding tot **ongunstige prestasieverwante belewinge** (intense liefdesbehoefte, onsekerheid, verworpenheid, minderwaardigheid, spanning, ensovoorts), **ongunstige prestasieverwante gedraginge** (uitdagend-vyandig, teruggetrokke, onderpresteer, opstandigheid, verhoudings- en kommunikasieprobleme, ensovoorts) en die ontwikkeling van **ongunstige prestasieverwante persoonlikheids-eienskappe** (lae selfkonsep, nie-sosiaal, emosioneel labiel, gebrekkige selfvertroue, afhanklikheid, ensovoorts). Gemelde ongunstige prestasieverwante adolessent-veranderlikes predisponeer die adolessent tot **onderaktualisering met betrekking tot akademiese prestasie.**

- Die volgende opvoedingsgedragspatroon is kenmerkend van die **dominante opvoeding**: inhiberend, oorheersend, veeleisend, rigied, beperkend, ensovoorts. Hierdie opvoedingsgedragspatroon gee aanleiding tot **ongunstige prestasieverwante belewinge** (onsekerheid, ontoereikendheid, wrok, wrewel, frustrasie, ensovoorts), **ongunstige prestasieverwante gedraginge** (min kreatiwiteit, inisiatiefloos, aanmatigend, passief, onderdanig, ensovoorts) en die ontwikkeling van **ongunstige prestasieverwante persoonlikheids-**

eienskappe (lae selfkonsep, gebrekkige selfvertroue, emosioneel labiel, impulsief, geïnhibeer, ensovoorts). Gemelde ongunstige prestasieverwante adolessent-veranderlikes predisponeer die adolessent tot **onderaktualisering met betrekking tot akademiese prestasie.**

- Die volgende opvoedingsgedragspatroon is kenmerkend van die **toegeeflike opvoeding**: baie vryheid, min kontrole, min eise, min reëls, oormatig aanvaardend, ensovoorts. Hierdie opvoedingsgedrags-patroon gee aanleiding tot **ongunstige prestasieverwante belewinge** (ongelukkigheid, waardeloosheid, onveiligheid, vrees, verwarring, ensovoorts), **ongunstige prestasieverwante gedraginge** (ongedissiplineerd, ongemotiveerd, aggressie, onderpresteer, impulsief, ensovoorts) en die ontwikkeling van **ongunstige prestasie-verwante persoonlikheidseienskappe** (lae selfkonsep, selfsugtig, min selfvertroue, gebrekkige deursettingsvermoë, min sosiale verantwoordelikheid, ensovoorts). Gemelde ongunstige prestasie-verwante adolessent-veranderlikes predisponeer die adolessent tot **onderaktualisering met betrekking tot akademiese prestasie.**

- Die volgende opvoedingsgedragspatroon is kenmerkend van die **tolerante, demokratiese opvoeding**: warm/toegeeflik, streng eisestelling, aanvaardend, wedersydse kommunikasie, adolessent-gerig, ensovoorts. Hierdie opvoedingsgedragspatroon gee aanleiding tot **gunstige prestasieverwante belewinge** (veiligheid, geborgenheid, vertroue, aanvaarding, lewensin, ensovoorts), **gunstige prestasie-verwante gedraginge** (selfaktualiserend, probleemoplossend, doel-gerig, gemotiveerd, kreatief, ensovoorts) en die ontwikkeling van **gunstige prestasieverwante persoonlikheidseienskappe** (positiewe selfkonsep, intellektuele kontrole, sosiaal, emosioneel stabiel, prestasie georiënteerd, ensovoorts). Gemelde gunstige prestasieverwante

adolessent-veranderlikes predisponeer die adolessent tot **optimale selfaktualisering met betrekking tot akademiese prestasie.**

- Die volgende opvoedingsgedragspatroon is kenmerkend van die **intolerante, outokratiese opvoeding**: koud/dominant, gebiedend, eis dooiemansgehoorsaamheid, weinig ondersteuning, onsensitief vir behoeftes van adolessent, ensovoorts. Hierdie opvoedingsgedrags-patroon gee aanleiding tot **ongunstige prestasieverwante belewinge** (ontoereikendheid, minderwaardigheid, verworpenheid, woede, hulpeloosheid, ensovoorts), **ongunstige prestasieverwante gedraginge** (emosioneel veeleisend, geïnhibeer, onderpresteer, swak konsentrasie, rebelleer teen gesag, ensovoorts) en die ontwikkeling van **ongunstige prestasieverwante persoonlikheidseienskappe** (lae selfkonsep, nie-sosiaal, gebrekkige selfstandigheid, impulsief, passief, ensovoorts). Gemelde ongunstige prestasieverwante adolessent-veranderlikes predisponeer die adolessent tot **onderaktualisering met betrekking tot akademiese prestasie.**

- Die volgende opvoedingsgedragspatroon is kenmerkend van die **betrokke opvoeding**: warmte/dominansie, oorbesorg, oorbemoeienis, sterk emosionele band, verstikkend, ensovoorts. Hierdie opvoedings-gedragspatroon gee aanleiding tot **ongunstige prestasieverwante belewinge** (kwesbaarheid, huiwering, hulpeloosheid, frustrasie, angs, ensovoorts), **ongunstige prestasieverwante gedraginge** (onderdanig, afwagtend, inisiatiefloos, moedergebonde, hulpeloos, ensovoorts) en die ontwikkeling van **ongunstige prestasieverwante persoonlikheidseienskappe** (lae selfkonsep, sosiaal gerem, rigied, gebrekkige deursettingsvermoë, egosentries, ensovoorts). Gemelde ongunstige prestasieverwante adolessent-veranderlikes predisponeer die adolessent tot **onderaktualisering met betrekking tot akademiese prestasie.**

- Die volgende opvoedingsgedragspatroon is kenmerkend van die **onverskillige opvoeding**: koud/toegeeflik, emosionele distansie, negeer, geen eisestelling, onbetrokke, ensovoorts. Hierdie opvoedingsgedragspatroon gee aanleiding tot **ongunstige prestasieverwante belewinge** (verstotenheid, waardeloosheid, verworpenheid, minderwaardigheid, onsekerheid, ensovoorts), **ongunstige prestasieverwante gedraginge** (wantrouend, nie werkgeoriënteerd, swak kommunikasie, ongebonde [aan reëls en mense], swak prestasie, ensovoorts) en die ontwikkeling van **ongunstige prestasieverwante persoonlikheidseienskappe** (lae selfkonsep, nie-sosiaal, egoïsties, ensovoorts). Gemelde ongunstige prestasieverwante adolessent-veranderlikes predisponeer die adolessent tot **onderaktualisering met betrekking tot akademiese prestasie.**

Uit die empiriese ondersoek, waar drie eksemplariese gevallestudies kwalitatief ontleed en beskryf is, blyk die volgende:

- Alhoewel elke gevallestudie uniek was, dui gemeenskaplikhede daarop dat **ongunstige ouerlike opvoedingsgedragspatrone** (byvoorbeeld betrokke en dominante opvoedingstyle) aanleiding gee tot **ongunstige prestasieverwante belewinge, gedraginge en persoonlikheids-eienskappe** wat op hulle beurt aanleiding gee tot **ontoereikende aktualisering van potensiaal met betrekking tot akademiese prestasie** van die adolessent.

Dit is belangrik om daarop te let dat die bevindinge van die gevallestudies spesifiek en nie veralgemeenbaar is nie. Die rede hiervoor is dat die bevindinge ten opsigte van drie blanke, Afrikaanssprekende gesinne in Gauteng gemaak is. Desnieteenstaande kan hierdie bevindinge moontlik met vrug as basis vir verdere navorsing gebruik word.

Die sentrale bevinding van die onderhawige studie kan soos volg geformuleer word en daarmee saam kan dan ook die sentrale teoretiese stelling van die studie geverifieer word:

Die opvoedingsgedrag van die ouer oefen 'n kragtige en betekenisvolle invloed uit op prestasieverwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolessent en hierdie prestasieverwante adolessent-veranderlikes oefen op hulle beurt op betekenisvolle wyse 'n invloed uit op die akademiese prestasie van die adolessent.

4.2 Gevolgtrekkings

Uit hierdie ondersoek blyk dit duidelik dat kousale verbande bestaan tussen ouerlike opvoedingsgedrag en akademiese prestasie van die adolessent. Dit blyk ook uit die bevindinge dat verbande bestaan tussen gunstige ouerlike opvoedingsgedraginge (warm en demokraties) en die vorming van 'n positiewe selfkonsep by die adolessent. 'n Positiewe selfkonsep as kern van die persoonlikheid blyk onontbeerlik te wees vir die optimale akademiese prestasie van die adolessent.

Wanneer die ouer 'n gunstige opvoedingstyl verwerklik en die adolessent 'n positiewe selfkonsep vorm, word hy/sy tot optimale akademiese prestasie gepredisponeer, omdat hy/sy:

- **Intellektueel aktief is**: die adolessent eksploreer sy leerwêreld, openbaar 'n waaghouding ten opsigte van onbekende leerstof, ondersoek en verken nuwe uitdagings, is deelnemend en entoesiasties, vra vrae en is weetgierig en nuuskierig.

- **Leergemotiveerd is**: die adolessent beskik oor die nodige deursettingsvermoë om mislukkings of teleurstellings ten opsigte van skoolwerk suksesvol die hoof te bied; om te volhard en doelgerig te

poog om leerinhoude te bemeester; hy is bereid om betrokke te raak en take en opdragte met ywer en entoesiasme aan te pak en af te handel.

- **'n Positiewe gesindheid in die klaskamer openbaar**: die adolessent werk saam met die onderwyser en sy klasmaats, is hulpvaardig en gehoorsaam en beskik oor selfdissipline en 'n positiewe gerigtheid ten opsigte van leerwerk en skoolgaan in die algemeen.

- **Sosiaal vaardig is**: die adolessent is liefdevol, vriendelik, kalm-inskiklik en kommunikeer gemaklik met onderwysers en klasmaats; hierdie sosiale vaardigheid van die adolessent predisponeer hom tot optimale verwerkliking van sy kognitiewe potensiaal.

Dit blyk egter ook uit die ondersoek dat verbande bestaan tussen ongunstige ouerlike opvoedingsgedragspatrone en die vorming van 'n negatiewe selfkonsep by die adolessent. 'n Negatiewe selfkonsep predisponeer die adolessent tot die onderaktualisering van sy akademiese potensiaal.

Wanneer die ouer 'n ongunstige opvoedingstyl verwerklik en die adolessent 'n negatiewe selfkonsep gevorm het, het dit as uitkoms onderaktualisering ten opsigte van akademiese prestasie, omdat die adolessent:

- **Intellektueel passief is**: die adolessent is nie-eksplorerend, bang om te waag waar leerinhoude ter sprake is en nie gretig om te leer nie; hy is teruggetrokke, afwagtend, nie-nuuskierig, hulpeloos, inisiatiefloos en beskik oor gebrekkige kreatiwiteit, wat sy kognitiewe aktualisering inhibeer.

- **Ongemotiveerd is**: die adolessent raak gou mismoedig en beskik nie oor die nodige deursettingsvermoë om mislukkings en teleurstellings ten opsigte van skoolwerk te bowe te kom nie.

- **'n Negatiewe gesindheid in die klaskamer openbaar**: die adolessent is aanmatigend, lastig, opstandig en beskik nie oor die nodige selfdissipline om positief aandag te gee in die klaskamersituasie nie; swak konsentrasie, min frustrasie-toleransie en 'n negativistiese houding belemmer dus sy kognitiewe aktualisering.

- **Sosiaal nie-vaardig**: verhoudings- en kommunikasieprobleme tussen onderwyser en klasmaats kom voor en inhibeer die aktualisering van kognitiewe potensiaal.

Uit die studie blyk dit dat die ouer se opvoedingsgedrag 'n intense invloed uitoefen op die belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolessent. Ouerlike opvoedingsgedrag werk dus as faktor wat die akademiese prestasie van die adolessent beïnvloed. Die feit moet egter weereens beklemtoon word dat ouerlike opvoedingsgedrag nie die enigste faktor is wat ter sprake is by die akademiese prestasie van die adolessent nie.

Die adolessent is 'n persoon wat self iemand wil wees en wil word (Langeveld). Dit is eie aan kindwees dat hy oor die potensiaal beskik en ook in staat is om aktief deel te neem aan sy eie ontwikkeling. Die adolessent is 'n kreatiewe wese met 'n vrye wil wat sy eie, unieke betekenisse aan sy situasie gee, sy eie houding kies en oor 'n eie, unieke persoonlikheid beskik en daarvolgens sy gedraginge rig.

In hierdie studie is gefokus op die eenrigtingbenadering wat betref ouer-adolessent-interaksie, naamlik dat die rigting van beïnvloeding vanaf die ouer na die adolessent verwerklik word. Hiermee word die tweerigtingbenadering, waarvolgens wedersydse beïnvloeding tussen ouer en adolessent plaasvind, erken. Ook is kennis geneem van die sistemiese benadering, waarvolgens alle lede van die gesin mekaar beïnvloed (vergelyk Stafford en Bayer 1993). Tog is die navorser die mening toegedaan dat die ouer as opvoeder deur middel van sy besondere opvoedingstyl 'n bepalende invloed uitoefen wat die akademiese prestasie van die adolessent betref.

4.3 Aanbevelings

Ten einde die adolessent tot optimale selfaktualisering met betrekking tot akademiese prestasie op te voed, is dit noodsaaklik dat gunstige ouerlike opvoedingstyle, te wete **warm opvoeding** en **demokratiese opvoeding** so wyd moontlik gepropageer word. Dit kan op die volgende wyses geskied:

- **Ouerbegeleiding**
  Riglyne met betrekking tot ouerlike opvoedingsgedragspatrone en prestasieverwante adolessent-veranderlikes (belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe) moet oorgedra word:

  - Deur middel van mediamateriaal soos boeke, tydskrifte, koerante, films, televisie en op internet;

  - Deur groepbesprekings aan te bied by vrouebyeenkomste, kerkgroepe, gesondheidsdienste, welsyns- en gemeenskap-dienste, ensovoorts.

- **Oueropleiding en raadgewing**
  Programme moet aangebied word wat gerig is op die verwerwing van spesifieke opvoedingsvaardighede. Die programme moet oor spesifieke doelwitte beskik met betrekking tot meetbare vaardighede, byvoorbeeld om die ouer op te lei om die adolessent se intellektuele, kommunikatiewe en sosiale vaardighede te ontwikkel.

- **Opvoedkundige sielkundiges**
  Opvoedkundige sielkundiges moet meer bedag wees op ouerlike opvoedingsgedrag as faktor wat die akademiese prestasie van die adolessent kan beïnvloed en in dié verband leiding gee.

- **Tersiêre instellings**

  Die aangeleentheid van ouerlike opvoedingstyle moet as deel van onderwyseropleiding in die kurrikulum ingesluit word, sodat kennis geneem kan word ten opsigte van verskillende ouerlike opvoedingstyle en die invloed daarvan op die akademiese prestasies van alle opvoedelinge.

- **Verdere studie**

  Die onderhawige studie bied 'n nuttige raamwerk om as vertrekpunt vir verdere navorsing te dien. Aspekte wat nadere wetenskaplike ondersoek regverdig, sluit onder meer in:

  - 'n Kwantitatiewe ondersoek na die invloed van ouerlike opvoedingsgedrag op akademiese prestasie van die adolessent.

  - 'n Multikulturele ondersoek na ouerlike opvoedingsgedrag in 'n veranderde Suid-Afrika.

4.4 Riglyne vir opvoeding wat die optimale akademiese prestasie van die adolessent sal fasiliteer

Adolessensie gaan gepaard met ingrypende veranderinge, en, soos blyk uit die literatuur, speel hierdie veranderinge 'n deurslaggewende rol in hoe die ouer sy opvoedingsgedrag moet aanpas, omdat die adolessent nie meer aangewese is op die opvoeding wat 'n kind ontvang nie en ook nog nie volwasse genoeg is om op sy eie bene te staan nie.

> "Psychologists have also been concerned with what kind of parenting style is best for adolescents" (Dacey en Kenny 1994:221).

> "Development during adolescence does not require an end to but rather a modification of significant relationships with parents" (Cobb 1992:438).

Die adolessente-jare is dikwels 'n moeilike tydperk vir die adolessent en sy ouers. Dit is 'n tyd van besondere fisieke groei, verandering en ontwikkeling. Dit is gewoonlik ook 'n tyd waarin groot skommelinge in gemoed, houding en gedrag plaasvind.

Tydens adolessensie berei die individu hom voor op volwasse verantwoordelikhede en rolle wat betrekking het op 'n beroep, die huwelik en ouerskap. Met verwysing na hierdie aspekte word sy identiteit, waardes en oogmerke omlyn. Om dit te kan doen, moet die adolessent sekere ontwikkelingstake uitvoer:

> "... modern societies require adolescents to master developmental tasks which will enable them to adjust to a very advanced and technocratic society" (Prinsloo et al. 1996:127).

Volgens Louw et al. (1991:396) is die suksesvolle uitvoering van hierdie take gerig op die optimale funksionering van die individu in die volwasse lewenstadium.

Uit die aard van hierdie ontwikkelingstake is dit duidelik dat adolessensie gepaardgaan met ingrypende veranderinge. Om hierdie ontwikkelingsfase in perspektief te plaas, word bepaalde kenmerke en ontwikkelingstake van die adolessent kortliks bespreek.

Hoofkenmerke van die adolessent (vergelyk Van As 1997:205-207):

- **Liggaamlike verandering en seksuele rypwording:**
  Gedurende puberteit vind daar by die adolessent snelle liggaamlike groei plaas, by dogters beginnende op ongeveer elfjarige ouderdom en by seuns op ongeveer dertienjarige ouderdom. Primêre en sekondêre geslagskenmerke ontwikkel en die liggaamsbeeld van die adolessent raak uiters belangrik vir sy selfkonsep. Teen ongeveer 15 tot 18 jaar het die meeste adolessente reeds volle geslagsrypheid bereik en is sterk

seksuele drange en emosies kenmerkend van hierdie byna volwasse stadium.

- **Emosionele labiliteit:**

  Gedurende die tyd van vinnige fisieke verandering ervaar die adolessent 'n intensiteit en wisselvalligheid in sy emosionele lewe. Hierdie is vir die jeugdige 'n tydperk van soeke en ontdekking, met gevoelskommelinge tussen byvoorbeeld depressie enersyds en grenslose lewensvreugde andersyds. Sy labiele selfgevoelens kan wissel tussen 'n intense eiewaardegevoel en intense minderwaardigheidsgevoelens. Die jeugdige se emosionele lewe stabiliseer normaalweg wanneer hy die puberteitsfase verlaat en die middel- en laat-adolessensiefases bereik.

- **Selfinkeer (toenemende introspeksie):**

  Gedurende die negatiewe fase (dogters 12-14 jaar en seuns 13-15 jaar) belewe die jongmens sy "nuwe" liggaamlikheid, sy soeke, sy emosionele labiliteit, ensovoorts, intens en neig hy om hom van sosiale kontak te onttrek. Hy kom dan tot 'n bepaalde selfinkeer waar hy pogings aanwend om sy persoonlikheid uit te sorteer en die belangrikste uitkoms hiervan is die jongmens se ontdekking van die eie-ek.

- **Identiteitsverwerwing:**

  Tydens adolessensie vind 'n belangrike identiteitsontwikkeling plaas wanneer die jongmens bewus raak van homself as persoon en antwoorde soek op diepere lewensvrae soos: "Wie is ek?" en "Wie is ek in die oë van ander?" Die adolessent se selfkonsep vorm die kern van sy persoonlikheid en bied ook antwoorde op hierdie vrae. Identiteitsverwerwing is ondenkbaar sonder medemenslike kommunikasie en hier is veral die ouers en leeftydgenote vir die adolessent betekenisvolle ander.

- **Emansipasiestrewe:**
  Tydens die adolessent se ontdekking van homself belewe hy 'n intense behoefte om vry en selfstandig te word. Hy wil homself toenemend van sy ouers losmaak en hom as volwassene definieer; hy wil "self-iemand-wees"; hy wil op eie verantwoordelikheid besluite neem; hy wil emosioneel op homself steun; hy wil vir homself verantwoordelik wees en onafhanklik 'n eie waardestelsel ontwikkel.

- **Uitsonderlike ek-jy-verhoudinge:**
  'n Toereikende adolessent-ouer-verhouding predisponeer die adolessent tot toereikende verwerwing van emosionele onafhanklikheid van die ouers. In sy verhoudingslewe wend die adolessent hom nou toenemend tot die portuurgroep wat 'n intense sosiale lewe beteken en 'n uiters belangrike rol in die adolessent se sosialisering vervul. Die adolessent se verhoudinge met lede van die portuurgroep verander van die tipiese onvolwasse afhanklikheid van die portuurgroep tot relatiewe onafhanklikheid gedurende laat-adolessensie, waar verhoudinge met individuele leeftydgenote uiters betekenisvol is vir sy persoonlike en sosiale ontwikkeling.

Adolessensie is moontlik die interessantste en uitdagendste fase in menslike ontwikkeling. Alhoewel kenmerkende eienskappe van die adolessent onderskei kan word, moet in gedagte gehou word dat die adolessent steeds in totaliteit beskou moet word.

Die ontwikkeling van die opvoedeling gaan ook gepaard met sekere **ontwikkelingstake** wat hy in elke lewenstadium moet vervul (vergelyk Van As 1997: 78-114).

Alhoewel heelwat opvoedkundiges en sielkundiges ontwikkelingstake ten opsigte van die adolessent geïdentifiseer en beskryf het, gaan wat die onderhawige ontleding betref veral aangesluit word by die ontwikkelingstake-model van Robert Havighurst (1972). Hierdie model bied 'n nuttige

verwysingsraamwerk om die gedurig-veranderende ontwikkelingstatus van die individu te kan evalueer en antisipeer. Volgens Havighurst (1972) stel elke ontwikkelingsfase nuwe "take" aan die individu (vaardighede, houdinge, begrypinge, prestasies) wat hy moet vervul voordat hy na 'n hoër ontwikkelingsvlak kan beweeg (Pretorius 1994b:67).

Havighurst (1972:2) definieer 'n **ontwikkelingstaak** soos volg:

> "A developmental task is a task which arises at or about a certain period in the life of the individual, successful achievement of which leads to his happiness and to success with later tasks, while failure leads to unhappiness in the individual, disapproval by the society, and difficulty with later tasks."

Steyn et al. (1989:339-341) is van mening dat ontwikkelingstake betrekking het op dié gedrag wat tydens die verskillende ontwikkelingsperiodes bemeester behoort te word. Indien 'n kind nie daarin slaag om die ontwikkelingstake eie aan 'n bepaalde ontwikkelingsperiode suksesvol te bemeester nie, het dit nie alleen emosionele implikasies vir die spesifieke ontwikkelingsperiode nie, maar bemoeilik dit ook sy bemeestering van die ontwikkelingstake eie aan die daarop-volgende ontwikkelingsperiodes.

Die betrokkenheid van die ouer kan egter nie geringgeskat word nie: "The degree to which adolescents succeed in mastering these developmental tasks is determined by the educational support offered by their educators" (Prinsloo et al. 1996:128).

Die identifisering van ontwikkelingstake tydens adolessensie bied belangrike insigte, enersyds ten opsigte van die adolessent in wat hy moet doen om volwassenheid te bereik en andersyds ten opsigte van die opvoeder wat die adolessent tot volwassenheid moet lei.

Wat die **ontwikkelingstake** van die adolessent betref, het dit geblyk dat die volgende belangrik is:

- **Die verwerkliking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met leeftydgenote van beide geslagte:**
  Hierdie ontwikkelingstaak berus op die aantrekkingskrag wat vir die teenoorgestelde geslag ontdek word en die bemeestering van hierdie ontwikkelingstaak lei tot die suksesvolle aanknoping van vriendskapsbande met lede van beide geslagte en gemaklike inskakeling by die gemeenskap. Dit gaan dus hier om die ontwikkeling van sosiale verhoudinge en die verwerwing van volwasse sosiale vaardighede.

  Die rol wat die ouer by die adolessent se verwerkliking van hierdie ontwikkelingstaak vervul, is van deurslaggewende belang. Dit sal van die ouer se opvoedingsgedrag afhang in hoe 'n mate die adolessent losgelaat word om nuwe en meer volwasse verhoudinge met leeftydgenote van beide geslagte aan te knoop.

- **Vervulling van 'n manlike en vroulike sosiale rol:**
  Hierdie ontwikkelingstaak impliseer dat die adolessent moet leer wat dit beteken om in die eie kultuur manlik of vroulik te wees, met ander woorde 'n eksklusiewe geslagsrol moet verwerf word. Die ouer se rol by die verwerkliking van hierdie ontwikkelingstaak deur die adolessent kan nie oorbeklemtoon word nie. Die waardesisteem van die ouers en die gemeenskap wat aan die adolessent voorgeleef en oorgedra is, sal bepaal of hy positief-sedelik of negatief-permissief sal handel. Hoe hoër die sin vir eiewaarde en hoe meer die vertroue in die self, hoe makliker sal die adolessent die keuse ten opsigte van 'n ideale geslagsrol maak. Positiewe ouermodelle lei tot positiewe aanvaarding van 'n aanvaarbare geslagsrol.

- **Die verwerwing van begrips- en probleemoplossings-vaardighede:**
  Wat die adolessent se kognitiewe ontwikkeling betref, vorder hy gedurende vroeë-adolessensie van die konkreet-operasionele fase na die formeel-operasionele fase. Hy leer om outonoom en krities te dink en om self antwoorde op vrae en probleme te soek. Hy leer om op sy eie denke staat te maak en om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar.

  Die ouer sal sy opvoedingsgedrag ten opsigte van die adolessent sodanig moet aanpas sodat sy opvoeding voortaan minder voorskriftelik sal wees en hy nie sy eie standpunte oor verskillende sake (waaronder mense- en volkeverhoudinge, politiek, dans, rook, ensovoorts) aan die adolessent opdwing nie. Die adolessent moet toegelaat word om outonome denke te ontwikkel en voldoende geleentheid kry vir sosiale interaksie - sosiale gesprek, bespreking, redenasie, debattering, kritiek, verdediging van eie standpunte en dies meer moet gebied word sodat hy van sy egosentrisme ontslae kan raak en kan besef dat ander mense, wie se standpunte van sy eie verskil, ook reg kan wees en dat hy verkeerd kan wees.

- **Aanvaarding en doeltreffende gebruik van die eie liggaam:**
  Die suksesvolle bemeestering van hierdie ontwikkelingstaak lei tot 'n ewewigtige siening van die self, liefde en seks. Die adolessent moet leer: om sy "nuwe", veranderende liggaam te aanvaar; om liggaamlike verskille tussen die self en leeftydgenote van dieselfde en van die teenoorgestelde geslag te aanvaar; om begrip te toon vir puberteitsveranderinge; om te sorg vir die eie liggaam ter wille van gesondheid, optimale ontwikkeling en aanvaarding deur ander; om fisieke vaardighede aan te leer wat nodig is in 'n verskeidenheid van ontspannings-, sosiale en gesinsituasies. As die liggaam nie ten volle aanvaar word nie, strem dit die adolessent se sosialisering met veral die teenoorgestelde geslag.

Die ouers moet ook die adolessent vroegtydig inlig oor geslagtelike ontwikkeling, die verantwoordelikheid daaraan verbonde en ook aanvaarbare waardes en norme ten opsigte van seksualiteit voorhou. Die ouer se optrede hier moet positief en natuurlik wees en dus moet daar sprake wees van 'n vrymoedige kontak tussen ouer en adolessent, dit wil sê 'n gunstige opvoedingstyl as kommunikasiestyl moet aan die orde van die dag wees. Indien dit nie realiseer nie, kan dit daartoe aanleiding gee dat die adolessent in opstand kom.

- **Die vestiging van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes:**

  Bemeestering van hierdie ontwikkelingstaak hang grootliks af van die ek-jy-verhoudinge wat tussen adolessent en ouer bestaan. Die adolessent se strewe na emosionele onafhanklikheid, met ander woorde onafhanklike besluitneming en aanvaarding van verantwoordelikhede, enersyds, en die ouer se bereidwilligheid om leiding en ondersteuning te bied, andersyds, is van deurslaggewende belang. Die afname in emosionele afhanklikheid van die ouers gaan gepaard met 'n toename in emosionele betrokkenheid by die portuurgroep, en veral by lede van die teenoorgestelde geslag.

  Om hierdie ontwikkelingstaak suksesvol te bemeester, het die adolessent die samewerking van die ouer nodig, in dié sin dat daar sprake van wedersydse vertroue moet wees. Dit is belangrik dat die ouer die adolessent vertrou en vir hom die sekuriteit skep om emosionele onafhanklikheid te vestig.

- **Voorbereiding vir huweliks- en gesinslewe:**

  Die sukses van die huwelik is grootliks toe te skryf aan die suksesvolle bemeestering van die volgende ontwikkelingstake: Om suksesvolle verhoudinge met die teenoorgestelde geslag binne die portuurgroep te vestig en om emosionele onafhanklikheid van die ouers te verwerf. Dit impliseer verder dat die adolessent ook die onderskeie geslagsrolle sal

moet ken asook die verantwoordelikhede, moontlikhede en beperkinge wat daarmee saamgaan. Die adolessent moet ook sy roeping as sedelik selfstandige, toerekeningsvatbare, roepingsbewuste en verantwoordelike man of vrou en later vader of moeder, kan vervul.

Die voorbeeld van die ouers en hul opvoedingstyl binne gesinsverband bepaal in 'n groot mate die sukses van die huwelik. Geslags- en huweliksvoorligting wat deur die ouers, skool en kerk aangebied word, kan verder daartoe lei dat die adolessent 'n positiewe houding teenoor die huweliks- en gesinslewe ontwikkel.

- **Voorbereiding vir 'n loopbaan en finansiële selfstandigheid:**
  Die doel van hierdie ontwikkelingstaak is organisasie en beplanning vir die beoefening van 'n beroep en die verkryging van 'n gevoel van bevoegdheid ter uitvoering van die beroep. Die adolessent moet 'n beroepskeuse doen op grond van sy eie begeerte en evaluering van sy eie vermoëns. Op skool kry hy die geleentheid om sy talente te ontwikkel en te besluit oor 'n toekomstige beroep. Sy skoolprestasie gee aan hom die vertroue dat hy bevoeg is. Die volgende aspekte is egter van die uiterste belang wanneer 'n beroepskeuse gemaak moet word: liggaamskennis; intellektuele vermoë en talente; belangstellings; persoonlikheid; waardes; sosialiteit en loopbaan-navorsing.

Die vraag ontstaan hier na die rol van die ouer wat betref die adolessent se voorbereiding vir 'n loopbaan en finansiële selfstandigheid, byvoorbeeld met betrekking tot aspekte soos die voorhou van 'n beroepsideaal om te dien as model van 'n verantwoordelike beroepsbeoefenaar wat verband hou met aspekte soos werkhouding, taakbelewing, werkbereidheid, taakaanvaarding, taakverantwoordelikheid, taakbewustheid, roeping, positiewe wilsbesluit ten opsigte van 'n alledaagse taak, selfdissipline, leerdissipline, die wekking van 'n leergewete en werkgewete en die ontdekking van die sin van die arbeid.

- **Verwerwing van 'n waardestelsel en 'n ideologie:**
  Die adolessent word opgevoed binne 'n gesin waar bepaalde waardes gehandhaaf word. Sy volwassewording word dus beïnvloed deur hierdie waardes van die ouers asook die waardes van die portuurgroep, die gemeenskap en die kerk. Die keuse tussen aanvaarding of verwerping van hierdie waardes berus egter by die individu self en geskied hoofsaaklik tydens adolessensie. Hierdie ontwikkelingstaak word gekoppel aan die sentrale ontwikkelingstaak van die adolessent, te wete identiteitsverwerwing en gepaard hiermee die taak om 'n sosio-polities-etiese ideologie te vorm - 'n mens-, lewens- en wêreldbeskouing.

  Dit is van die uiterste belang dat die ouer 'n gunstige opvoedingstyl verwerklik om sodoende die adolessent te help om 'n positiewe waardestelsel en ideologie te vorm. In hierdie verband wys Pretorius (1994b:24) daarop dat die warm, aanvaardende ouer beter daarin slaag om sy eie waardes en doelstellings aan die kind (adolessent) oor te dra.

- **Die strewe na en verwerkliking van sosiaal-verantwoordelike gedrag:**
  Die adolessent bevind hom in die sosiale periode van sy ontwikkeling en is besig om sy eie sosiaal-maatskaplike posisie te bepaal. Sosiaal-verantwoordelike gedrag berus op die ontwikkeling van 'n sosiaal aanvaarbare lewens- en wêreldbeskouing. Dit berus op die begryping en internalisering van die waardes en gewoontes van die spesifieke gemeenskap. Alhoewel die adolessent aanvaarbare gedrag openbaar, impliseer dit nie dat hy alles onkrities aanvaar nie.

  Die vraag kan hier gevra word na die opvoedingstyl(e) wat die ouer moet verwerklik om die adolessent tot sosiaal-verantwoordelike gedrag te predisponeer.

Die mate van sukses wat die adolessent ervaar met betrekking tot die verwerkliking van hierdie ontwikkelingstake, word beïnvloed deur die wyse waarop die ouer die adolessent opvoed (opvoedingsgedrag), die voorbeeld wat die ouer stel en die wyse waarop die ouer die adolessent ondersteun om hierdie ontwikkelingstake te vervul.

By 'n behandeling van kenmerke en ontwikkelingstake van die adolessent is telkens gelet op die implikasies van hierdie kenmerke en ontwikkelingstake met betrekking tot die ideale en/of toereikende opvoedingsgedragspatroon wat die ouer moet verwerklik om 'n besondere kenmerk van die adolessente-fase in sy opvoedingsgedrag te ondervang en om die adolessent met die vervulling van sy ontwikkelingstake te ondersteun.

Die volgende het geblyk die implikasies te wees:

- Die ouer moet met betrekking tot die adolessent se **versnelde liggaamlike groei** en **seksuele rypwording** 'n opvoedingstyl verwerklik wat gekenmerk word deur 'n gesonde ek-jy-verhouding en oop kommunikasie.

- Die adolessent ervaar 'n intensiteit en wisselvalligheid in sy **emosionele** lewe en die ouer moet 'n opvoedingstyl verwerklik wat hierdie **emosionele labiliteit** van die adolessent akkommodeer.

- Die adolessent bevind hom in 'n fase waar hy homself moet vind. Hy worstel met diepere lewensvrae en om antwoorde daarop te vind, keer hy in homself. Hierdie **selfinkeer** van die adolessent vra 'n bepaalde ingesteldheid van die ouer.

- Gedurende adolessensie word die jongmens bewus van homself as persoon en is hy voortdurend besig om 'n **eie identiteit** te verwerf. Dit is die taak van die ouer om die adolessent so te lei en te ondersteun dat hy aan die einde van adolessensie met selfvertroue, sekerheid en verantwoordelikheid op die identiteitsvraag kan antwoord.

- Die adolessente-jare word ook gekenmerk deur 'n strewe na onafhanklikheid en selfstandigwording, en, wat dit betref, is die adolessent aangewese op 'n opvoedingstyl wat hom met betrekking tot sy **emansipasiestrewe** ruimte vir vryheid en outonomie bied.

- Met die adolessent se strewe na selfstandigheid en onafhanklikheid is dit logies dat hy al hoe minder op sy ouers sal steun en dat die portuurgroep 'n al hoe groter rol in sy lewe begin vervul. Tog is dit belangrik dat die ouers 'n opvoedingstyl verwerklik wat 'n toereikende **ek-jy-verhouding** tussen ouer en adolessent verseker.

- Die ontwikkeling van die opvoedeling gaan gepaard met **ontwikkelingstake** wat hy in elke lewenstadium moet vervul voordat hy na 'n hoër ontwikkelingsvlak kan beweeg. Die adolessente-fase is by uitstek die **sosiale periode** in die ontwikkeling van die opvoedeling en met betrekking tot sy **ontwikkelingstake** kan drie hooftake onderskei word:

  - **Identiteitsverwerwing** (die basiese psigo-sosiale ontwikkelingstaak)

  - Verwerkliking van **sosiale verhoudinge**, wat insluit:
    - die vestiging van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes
    - die verwerkliking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met leeftydgenote van beide geslagte
    - die strewe na en verwerkliking van sosiaal-verantwoordelike gedrag

  - Voorbereiding vir toekomstige **sosiale rolle**, wat insluit:
    - vervulling van 'n manlike of vroulike sosiale rol
    - voorbereiding vir huweliks- en gesinslewe
    - voorbereiding vir 'n loopbaan en finansiële selfstandigheid
    - verwerwing van 'n waardestelsel en 'n ideologie

Die mate van sukses wat die adolessent ervaar met die vervulling van hierdie ontwikkelingstake, gaan grootliks afhang van die opvoedings-gedrag van die ouer asook die voorbeeld wat die ouer stel.

- Om die adolessent met die vervulling van sy ontwikkelingstake te ondersteun, moet die ouers sekere **gesinstake** vervul, te wete **nie-pedagogiese** en **pedagogiese gesinstake**:

  - Wat **nie-pedagogiese gesinstake** betref, moet die ouer in die adolessent se basiese behoeftes voorsien, alvorens hy tot sy volle potensiaal kan ontwikkel.

  - Die implikasies van die **pedagogiese gesinstake** kan soos volg saamgevat word:

    - aangesien die adolessent aangewese is op die **opvoeding** van sy ouers, kan dit as die sentrale gesinstaak beskou word. Uit die literatuur blyk dit dat die **warm, demokratiese opvoedingstyl** die gunstigste invloed uitoefen op die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent.

    - die ouer se opvoedingsgedrag en hantering van **tiener-seksualiteit** gaan bepaal hoe die adolessent sy seksualiteit ervaar. Die ouer wat sy kind aanvaar en liefhet, dra 'n positiewe beeld ten opsigte van die seksuele uit en sy adolessent is minder seksueel aktief, terwyl 'n swak verhouding tussen adolessent en ouer die hooffaktor is wat tot seksuele permissiwiteit lei.

    - goeie **kommunikasie** tussen adolessent en ouer is van uiterste belang en kan slegs toereikend verwerklik word wanneer daar sprake is van 'n goeie ek-jy-verhouding. **Effektiewe kommunikasie** stel die ouer in staat om waardes en oortuiginge oor te dra en meer te wete te kom van die adolessent se

belangstellings, waardes en bekommernisse. 'n Swak ek-jy-verhouding gee aanleiding tot konflik.

- die betekenisvolste hulp wat ouers hulle tieners kan bied by hulle hantering van **jeugprobleme** is oop kommunikasie en 'n liefdevolle gesinsatmosfeer.

- die adolessent se **sosiale ontwikkeling** is afhanklik van vriendskappe met persone van beide die geslagte, en dit is belangrik dat die opvoedingsgedrag van die ouer die adolessent sal loslaat sodat hy homself kan oopstel vir hierdie **invloede van buite**, maar dat die ouer nog steeds leiding sal gee, sodat die adolessent tussen die positiewe en die negatiewe kan leer onderskei.

- dit gaan ook hier om die adolessent se **morele ontwikkeling**, en die norme en standaarde waarvolgens hy moet lewe om volle verantwoordelikheid vir volwassenheid te aanvaar, vind hy in die voorbeeld van die ouer.

Die adolessent is weens sy kenmerke en ontwikkelingstake aangewese op besondere opvoedingstyle waardeur sy optimale akademiese prestasie gefasiliteer kan word.

Byvoorbeeld:

Die warm opvoeding:

Die opvoedingsgedragspatroon van die **warm opvoeding** word gekenmerk deur aanvaarding, liefde, ondersteuning, koestering, ensovoorts.

Hierdie opvoedingsgedrag van die ouer het 'n gunstige invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent en is akkommoderend ten opsigte van die tipiese **kenmerke** wat by hom teenwoordig is, byvoorbeeld:

- Die aanvaarding, liefde en ondersteuning wat die adolessent ervaar, dra daartoe by om sy emosionele labiliteit op te hef.

- Die warm opvoeding impliseer 'n toereikende ek-jy-verhouding waaraan die adolessent op hierdie stadium behoefte het - ook wat betref sy soeke na intimiteit.

- 'n Toereikende vertrouensverhouding wat gepaardgaan met ope kommunikasie en aanvaarding, akkommodeer die adolessent se belewing van versnelde liggaamlike verandering en impliseer die gewenste kommunikasie ten opsigte van geslagtelike aangeleenthede (geslagsopvoeding).

- Die fundamentele vertroue, toereikende kommunikasie en positiewe identifikasie wat hierdie ek-jy-verhouding by die warm opvoeding kenmerk, predisponeer die adolessent tot onversteurde identiteits-verwerwing.

- Die aanvaarding en liefde wat die adolessent ervaar, verhoog sy selfkonsep, want nou voel hy dat hy iets werd is en dat iemand hom liefhet en vir hom omgee - dit predisponeer hom tot die vorming van 'n positiewe selfkonsep op grond waarvan hy tot optimale self-aktualisering kan kom.

Die ouer wat 'n warm opvoeding verwerklik, ondersteun die adolessent ten opsigte van die **ontwikkelingstake** wat hy moet bemeester, byvoorbeeld:

- Die optimale gesinslewe en die gelukkige huwelik dien as voorbeeld met betrekking tot die verwerkliking van 'n gelukkige huweliks- en gesinslewe.

- Op grond van 'n goeie ek-jy-verhouding, goeie kommunikasie en 'n gunstige opvoedingstyl, identifiseer die adolessent geredelik met die

ouer en sy waardes en vergemaklik dit die toereikende verwerwing van 'n waardestelsel en 'n ideologie.

- Die warm opvoeding predisponeer die adolessent tot sosiale verantwoordelikheid as persoonlikheidseienskap, wat hom verder ondersteun by die verwerkliking van sosiaal aanvaarbare gedrag.

Hierdie opvoedingsgedragspatroon impliseer die toereikende verwerkliking van **gesinstake**, byvoorbeeld:

- In die gesin waar die ek-jy-verhouding toereikend verwerklik word, oop kommunikasie plaasvind, wedersydse vertroue heers, asook vrymoedigheid en openhartigheid bestaan, is daar 'n gunstige preformering wat betref tienerseksualiteit en kan geslagsopvoeding op 'n onbevange wyse plaasvind.

- Toereikende kommunikasie tussen ouer en adolessent beteken toereikende oorbrugging van die kommunikasiegaping.

- Waar die adolessent optimaal met die ouer en sy waardes identifiseer en dit hom tot die verwerwing van 'n waardestelsel en 'n ideologie predisponeer, gaan die handhawing van 'n sentrale kern van etiese en morele waardes, as gesinstaak, ook toereikend verwerklik word.

Hierdie opvoedingsgedragspatroon impliseer verder ook **gunstige belewinge**: veiligheid, aanvaarding, positiewe selfbewustheid, lewensgeluk, ensovoorts; **gunstige gedraginge**: sosiaal aangenaam, liefdevol, saamwerkend, selfaktualiserend, gehoorsaam, ensovoorts; en die ontwikkeling van **gunstige persoonlikheidseienskappe**: positiewe selfkonsep, emosioneel stabiel, sosiaal, ekstrovert, ensovoorts.

Die tolerante, demokratiese opvoeding:

Die **tolerante, demokratiese opvoeding** word deur die volgende opvoedingsgedragspatroon gekenmerk: liefde, warm/toegeeflik, eisestelling, aanvaardend, kind-gerig, ensovoorts.

Hierdie opvoedingsgedrag van die ouer is gunstig en akkommoderend ten opsigte van die tipiese **kenmerke** van die adolessent, byvoorbeeld:

- Die ouer wat die adolessent met liefde, warmte, toegeeflikheid, ensovoorts opvoed, predisponeer hom tot die opheffing van sy emosionele labiliteit.

- Die tolerante, demokratiese opvoeding wat gekenmerk word deur warmte, liefde, aanvaarding en wedersydse respek, impliseer 'n toereikende ek-jy-verhouding.

- Hierdie ek-jy-verhouding word gekenmerk deur fundamentele vertroue, toereikende kommunikasie en positiewe identifikasie wat die adolessent predisponeer tot toereikende identiteitsverwerwing.

- Die demokratiese opvoedingstyl ondersteun die adolessent in sy emansipasiestrewe, want hy ervaar die vryheid en ondersteuning om hom los te maak van sy ouers en selfstandig te word.

Die ouer wat 'n tolerante, demokratiese opvoeding verwerklik, ondersteun die adolessent ten opsigte van die **ontwikkelingstake** wat hy moet bemeester, byvoorbeeld:

- Die warm, demokratiese opvoeding wat gepaardgaan met 'n harmoniese gesinslewe, predisponeer die adolessent tot sosiaal verantwoordelike, selfstandige en onafhanklike gedrag. Dit bevorder die suksesvolle aanknoping van vriendskapsbande met lede van beide geslagte, asook die toereikende verwerkliking van ontwikkelingstake

soos die verwerwing van emosionele onafhanklikheid van die ouers en die keuse van 'n beroep.

- Op grond van 'n goeie ek-jy-verhouding en goeie kommunikasie, internaliseer die adolessent meer geredelik die ouers se waardes en norme wat die verwerwing van 'n waardestelsel en 'n ideologie as ontwikkelingstaak gunstig preformeer.

Hierdie opvoedingsgedragspatroon gee ook aanleiding tot die toereikende verwerkliking van die volgende **gesinstake**:

- Waar openhartigheid, vertroue en vrymoedigheid bestaan, word geslagsopvoeding toereikend verwerklik en ondersteun dit die adolessent wat betref sy belewing en verwerkliking van snelle liggaamlike veranderinge en ontwaking van die seksualiteit.

- By die demokratiese opvoedingstyl word toereikende ek-jy-verhoudinge asook toereikende kommunikasie verwerklik, wat beteken dat die oorbrugging van die kommunikasiegaping op toereikende wyse plaasvind.

- Waar die adolessent met die ouers se waardes en norme identifiseer en sodoende sy eie waardestelsel en ideologie verwerklik, word 'n sentrale kern van etiese en morele waardes as gesinstaak gehandhaaf.

Hierdie opvoedingsgedragspatroon gee verder aanleiding tot **gunstige belewinge**: veiligheid, geborgenheid, blymoedigheid, vertroue, ensovoorts; **gunstige gedraginge**: liefdevol, saamwerkend, kalm-inskiklik, doelgerig, weetgierig, ensovoorts; en die ontwikkeling van **gunstige persoonlikheids-eienskappe**: positiewe self-konsep, intellektuele kontrole, emosionele stabiliteit, sosiaal, selfstandigheid, ensovoorts.

Vervolgens word 'n aantal **riglyne** vir die ouer kortliks aangedui:

- **Belangstelling en hulp**

  Die ouer moet aan die adolessent toon dat hy vir hom omgee. Dit doen hy deur sy belangstelling in die adolessent en sy bereidheid om hom by te staan en te help as dit nodig is. Ouers moet egter 'n gesonde balans handhaaf en nie die adolessent met aandag versmoor nie. Die adolessent het verder behoefte aan die belangstelling en hulp van volwasse volwassenes en nie aan volwassenes wat soos adolessente optree nie (vergelyk Rice 1981:267; Monteith et al. 1988:202).

- **Kommunikasie**

  Vir die onversteurde ontwikkeling van die sosiale, emosionele, kognitiewe en sedelike aspekte en van 'n eie identiteit en 'n hoë selfkonsep, is dit belangrik dat die ouer werklik na die adolessent se menings oor sake luister, dit met hom bespreek en ook poog om begrip vir die adolessent se gevoelens te toon (Monteith et al. 1988:202).

  Kommunikasie word as die sleutel tot harmoniese ek-jy-verhoudinge beskou. Gouws en Kruger (1994:139) bied die volgende riglyne wat die ouer kan help om sy kommunikasie met die adolessent te verbeter:

  - "Create a climate of acceptance so that the adolescent can communicate freely about his problems.

  - Speak to the adolescent as courteously as you would to a stranger.

  - Do not disparage or humiliate the adolescent, and prevent his peers from doing this among themselves.

  - Give your undivided attention when the adolescent expresses the need to discuss something; listen calmly and try to see his point of view as well, even if you do not always agree with his attitude or behaviour.

- Keep the door open on any subject - do not regard certain topics as too sensitive for open discussion.

- Encourage the adolescent to test his thoughts and ideas by refraining from passing judgemental and critical remarks about him.

- Build the adolescent's self-concept and self-confidence by encouraging him to take part in discussions.

- Remember that the adolescent needs to challenge adult opinions and ways of doing in order to achieve the separation that is essential for the establishment of his own sense of identity."

- **Liefde en aanvaarding**

  Die belangrikste voorvereiste vir suksesvolle kinderopvoeding sal altyd liefde wees en aanvaarding is een van die belangrikste komponente daarvan. Die ouer kan sy liefde toon deur die adolessent te ken en te aanvaar soos hy is - met al sy goeie hoedanighede en gebreke (vergelyk Drescher 1989:3; Rice 1981:369).

- **Vertroue**

  Dit is belangrik dat die ouer die adolessent vertrou. Volgens Rice (1981:370) bied dit sekuriteit en skep dit vir hom vryheid om 'n eie identiteit te ontwikkel.

- **Outonomie**

  Een van die ideale van die adolessent is om as outonome volwassene aanvaar te word, dit wil sê om selfstandig en onafhanklik besluite te neem en daarvolgens op te tree.

Die opgaaf aan die ouer is om hom geleentheid te bied om geleidelik outonome gedrag te ontwikkel, eerder as om meteens - soos met 'n sestiende of agtiende verjaardag - algehele outonomie te skenk.

Die ouer moet aan die adolessent die reg gee om eie keuses te maak en om uitdrukking te gee aan reeds verworwe onafhanklikheid, om van volwassenes te kan verskil en om verantwoordelikhede te aanvaar (vergelyk Rice:1981:371).

- **Persoonlikheidsontwikkeling**

  Gouws en Kruger (1994:104-105) bied die volgende riglyne aan die ouer met betrekking tot die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent:

  - Die ouer moet ware belangstelling in die adolessent toon - hy moet aanvaar, geprys, vertrou en as persoon waardig geag word.

  - Die adolessent moet op 'n persoonlike vlak ontmoet word - sonder die idee dat die ouer verhewe is bo die adolessent.

  - Die ouer moet in gedagte hou dat die adolessent geregtig is op onafhanklikheid en outonomie - hy moet die nodige respek en ondersteuning ontvang waarop hy geregtig is.

  - Die ouer moet deur middel van liefde, warmte en besorgdheid, bou aan 'n positiewe interpersoonlike verhouding met die adolessent.

  - Die ouer moet met begrip en gevoel reageer ten opsigte van die adolessent se probleme.

- **Identiteitsverwerwing**

  Die adolessent gaan deur 'n periode van onsekerheid en dit is die taak van die ouer om aan hom leiding en bystand te verleen, sodat hy teen die einde van adolessensie met sekerheid op die identiteitsvraag kan antwoord. Volgens Gouws en Kruger (1994:105) moet die ouer

  - genoeg vryheid aan die adolessent skenk sodat hy self besluite kan neem;
  - die adolessent help om 'n positiewe selfkonsep te vorm;

- die adolessent help om homself te aanvaar soos hy is;
- die adolessent die nodige leiding ten opsigte van seksuele rolle asook beroepsidentiteit gee;
- in gedagte hou dat hy een van die belangrikste identifikasiefigure in die adolessent se lewe is en dat hy sy lewe so moet lei dat hy altyd as waardige identifikasiemodel kan dien.

- **Selfkonsepvorming**

  Die volgende uitspraak wys op die belangrike rol wat die ouer vervul ten opsigte van die adolessent se selfkonsepvorming:

  > "A person's self-concept is not inborn, but is acquired through interaction with the self and with other people of importance to the self" (Gouws en Kruger 1994:105).

- **Selfaktualisering**

  Die opvoedingstaak van die ouer is om te verseker dat die adolessent sy potensiaal optimaal ontwikkel deur hom te motiveer en aan te spoor, sodat hy na die beste van sy vermoë kan presteer.

Riglyne ten opsigte van optimale akademiese prestasie (vergelyk Grobler et al. 1998: 53-54)

- 'n Leeromgewing moet geskep word waar die adolessent 'n positiewe ingesteldheid met betrekking tot sy vermoëns en vaardighede kan verwerf en handhaaf.

- Die adolessent moet geleer word om realistiese prestasiedoelwitte te stel. Hierdeur word die geleentheid aan die adolessent gegee om binne sy/haar vermoë te presteer wat dan weer op sy beurt kan aanleiding gee tot die belewing van toereikendheid, wat sal bydra tot die positiewe versterking van sy/haar akademiese selfkonsep.

- Die adolessent moet alreeds van 'n vroeë stadium gemotiveer word om selfstandig te werk.

- Die adolessent moet begelei word om doelwitte te stel, vooruit te beplan, onmiddellike genieting ter wille van toekomstige voordeel uit te stel en om hard te werk om toekomsideale te verwesenlik, met ander woorde, die adolessent moet toekomsgerig gemaak word.

- Die ouer moet die adolessent leiding gee met die ordening van die tyd tot sy beskikking en ook om hierdie tyd doelgerig aan te wend. Aspekte soos die suksesvolle organisasie van die huiswerkprogram en die stiptelike uitvoering van opdragte word hierby ingesluit.

- Die adolessent kan deur opvoeders (ouers en onderwysers) begelei word om met vertroue uit te sien na die toekoms en te weet dat harde werk met sukses beloon word. Onmiddellike plesier moet soms ten gunste van harde werk opgeoffer word om toekomsdoelwitte te bereik.

4.5 Slotopmerking

In die lig van die voorafgaande bevindinge en gevolgtrekkings is dit duidelik dat ouerlike opvoedingsgedrag as faktor wat die akademiese prestasie van die adolessent beïnvloed, beslis in aanmerking geneem moet word.

Dit blyk uit hierdie studie dat die warm en die demokratiese opvoedingstyle die gunstigste invloed uitoefen op prestasieverwante adolessent-veranderlikes, te wete die belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolessent. Dit is dan veral deur die warm en die demokratiese opvoedings-gedrag van die ouer dat die adolessent tot optimale akademiese prestasie gepredisponeer word.